

## PROBLEME MET LANDBOUMIDDELS: WAT STAAN DIE BOER TE DOEN?

Voordat die afleiding gemaak kan word dat 'n landbouchemiese-middel nie aan die verwagtinge volgens registrasie voldoen nie, moet die produsent sekere feite nagaan. Daar moet verseker word dat aan al die inligting, gebruiksaanwysings en waarskuwings wat op die etiket verskyn, voldoen is.

Byvoorbeeld:

1. Stem die weerstoestand tydens en na die toediening ooreen met die toestand soos voorgeskryf?
2. Is die tyd van toediening nagekom, byvoorbeeld vroeg in die oggend of laat namiddag?
3. Val die toestand en aard van die grond waarop die gewas verbou is binne die raamwerk van die voorskrifte, byvoorbeeld tipe grond en grondvog?
4. Is die beheermaatreëls teen die onkruid toegepas op die groeistadium soos deur die gebruiksaanwysings voorgeskryf?
5. Is die aanbevole dosis van die middel toegedien soos voorgeskryf?
6. Is die landboumiddel wel geregistreer op die betrokke gewas en teen die spesifieke onkruid, swam of plaag?

WANNEER U NOG OORTUIG IS U HET IN PROBLEEMI BLY BY DIE GOUE REEL: MOENIE PANIEKERIG RAAK NIE.

1. Kontak so gou as moontlik die verteenwoordiger of agent van wie u die middel gekoop het;
2. Bevestig u klagte dadelik skriftelik aan die betrokke maatskappy;
3. Dring daarop aan dat daar ter plaatse 'n ondersoek ingestel word;
4. Indien die probleem nie opgelos word nie: (volg waar moontlik skriftelik op)
  - (a) Reël dadelik, nie eers nadat die simptome weg is of by oestyd nie, dat 'n neutrale wetenskaplike (nie 'n regs persoon) soos iemand van 'n landboukoöperasie, Landbounavorsingsraad, Universiteit of die Staat, saam met die maatskappy na die klagte kom kyk en dit bespreek.
  - (b) Stel die Registrateur: Wet 36 van 1947, Privaatsak X343, Pretoria 0001 in kennis van u probleem. Telefoon (012) 319 7303.
  - (c) Indien die maatskappy nie reageer nie, stel die Landbou en Veeartsenykundige Chemikalieë Vereniging van Suid-Afrika (LVCVSA) by Posbus 1995, Halfweghuis 1685, in

- kennis. Telefoon (011) 805 2000,  
E-mail: info@croplife.co.za
- (d) Stel GSA (012) 807 6023 / 08600 47246 of die LNR - Instituut vir Graangewasse (018) 299 6100 in kennis van die probleem en stappe wat gedoen is.
5. Indien u steeds nie tevrede is Die staan dit u vry om 'n siviele hofgeding te begin.
- (a) Ondersoeke en bevindinge van die Registrateur: Wet 36 van 1947 gaan net daaroor of daar krimineel of strafregtelik vervolgt gaan word volgens die wet.
- (b) Die LVCVSA kan net sy lede (die chemiese maatskappy) versoek om te reageer op 'n klagte indien die boer 'n probleem het dat hy geïgnoreer word.
6. Onthou dat die siviele hofgeding wat u teen die maatskappy aanhangig maak heeltemal losstaan van die kriminele of strafregtelike aksie van die Registrateur (Wet 36 van 1947).
- Die Registrateur se inligting is net vir sy eie gebruik, tensy 'n hof anders gelas.

**BELANGRIKE PUNTE VOORDAT U IN OESBESKERMINGSMIDDEL TOEDIEN**

- a) Lees die etiket en gebruik die produk slegs soos die etiket voorskryf. U word wetlik verplig om dit so te doen volgens kennisgewing soos gepubliseer in die staatskoerant.

- b) Indien 'n aanbeveling deur 'n verteenwoordiger of agent gedoen word, dring daarop aan dat dit skriftelik is.
- c) Bewaar die lotnommer en die vervaardigingsdatum op die houers. Onthou ook dat geen amptelike monster sal uit 'n oop houer of houer waarvan die seël gebreek is geneem kan word nie, aangesien die resultate onder verdenking sal wees.

U aandag word gevestig op die volgende artikels van die Wet op Mistowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels no. 36 van 1947 (Wet 36 van 1947).

**Artikel 7 (1) (d)**

Niemand mag 'n misstof, veevoedsel, landboumiddel of veemiddel verkoop nie, tensy dit so saamgestel en so doeltreffend is as wat in die aansoek om registrasie daarvan gespesifiseer is, alle chemiese, fisiese en ander eienskappe aldus gespesifiseer, besit en aan die voorgeskrewe vereistes voldoen.

**Artikel 7 (2) (a) (i)**

Niemand mag teen vergoeding of in die loop van 'n bedryf, handel of besigheid 'n landboumiddel of veemiddel gebruik, of die gebruik daarvan aanbeveel vir 'n ander doel of op 'n ander wyse as die wat aangedui word op die etiket op die houer daarvan of as wat op sodanige houer gespesifiseer word nie.